

INLEIDING TOT BESPREKING

N. J. VILJOEN, Afrikaanse Springstowwe en Chemiese Nywerhede Beperk.

Voordat ek tot my taak oorgaan om die bespreking op die vorige referaat in te lei, moet ek verduidelik dat toe die sprekers vir hierdie program oorweeg en aangewys is, die komitee besluit het dat ek, as boer, die bespreking van die referaat van die spreker wat deur die Suid-Afrikaanse Landbou-unie benoem sou word moet inlei. Gesien teen hierdie agtergrond kan ek my nie uitlaat met betrekking tot die akkuraatheid of aanvaarbaarheid van baie van die stellings wat deur die referent gemaak is nie.

Wat my wel getref het is hoe min probleme die referent in die mieliedriehoek sien. Weliswaar maak hy melding van die suur tot baie suur gronde wat in die gebiede onder bespreking voorkom. 'n Punt wat myns insiens sterker beklemtoon moet word is dat die versuuringproses van gronde in hierdie gebied teen 'n toenemende tempo plaasvind.

Die oplossing word gegee — kalk moet toegedien word, maar dit skep vir my die eerste probleem naamlik die fisiese hantering en toediening van kalk. Myns insiens beseft baie boere die noodsaaklikheid van kalk maar die probleme verbonde aan die toediening en hantering daarvan sien hy nie kans om te oorbrug nie. Dit is natuurlik 'n wêreldwye probleem. Ek herinner my dat toe ek die Staat van Illinois in die VSA 'n paar jaar gelede besoek het, die owerhede my meegedeel het dat in daardie staat alleen 5 miljoen ton landboukalk per jaar toegedien moes word om die grondreaksie optimaal te kry. Die rede vir die té lae gebruik van kalk was ook die kwessie van vervoer, hantering en toediening.

Die referent maak ook melding van die vaslê van fosfaat in die suur gronde en dit skep vir my die tweede probleem naamlik, watter soort fosfaat moet op sulke gronde toegedien word. Myns insiens praat ons heeltemal te los en vas oor oplosbare en onoplosbare fosfate sonder om oor die nodige eksperimentele bewyse te beskik m.a.w. daar is te veel teoretisering en selfs gissings. Hierdie punte, voel ek, behoort 'n lewendige, interessante en vrugbare bespreking uit te lok.

Molibdeen- en sinktekkorte in die mieliedriehoek is goed genoeg bekend en maklik om reg te stel; dus wil ek nie verder daarop ingaan nie.

Maar nou, Mnr die Voorsitter, sien ek nog 'n hele reeks ander probleme. Graag verwys ek na 'n paar van hulle.

(a) Plasing van misstowwe. Hoe diep moet kunsmis onder variërende toestande geplaas word? Oor hierdie belangrike aspek is daar 'n groot gebrek aan

kennis en dus gesonde advies. Ek verwys veral na die nuwe praktyke in die Wes-Vrystaat en ander dele van die land wat deur boere sonder enige eksperimentele bewyse ontwikkel en aanbeveel word. Hier dink ek bv. aan die 'mini-maksi' tegniek.

- (b) Navorsing van die Staat word hoofsaaklik op navorsingstasies gekonsentreer en min proewe ander as aan sulke inrigtings word onderneem. Die gevolg is dat resultate nie van toepassing in groot dele van die mieliedriehoek is nie.
- (c) Te dikwels volg navorsingsprojekte en -tegnieke nie die algemeen aanvaarde boerderypraktyke nie met die gevolg dat resultate van twyfelagtige praktiese waarde is.
- (d) Daar is 'n gebrek aan kennis en gesonder advies oor die vrugbaarheidstatus van gronde. Die voorligtingsbeamptes van die Departement Landbou-tegniese Dienste is so oorlaai met administratiewe en regulatoriese pligte dat hulle nie die boer voldoende kan bystaan in die oplossing van sy grondvrugbaarheidsprobleme nie. Ons het vanoggend gehoor dat daar skynbaar 'n gebrek aan kommunikasie tussen die navorsings- en voorligtingsafdelings van die Departement bestaan sodat die regte en jongste bevindings nie altyd by die voorligtingsbeampte uitkom nie. Dit vererger natuurlik die situasie.
- (e) Bastermieliesaad word ontwikkel en getoets onder lae vrugbaarheidsspele en reageer gevolglik nie so goed in die gevalle waar gesofistikeerde boere hoër bemesting toepas nie. Vergelyk dit maar net met die situasie in Rhodesië.
- (f) Pedologiese opnames, identifisering en kartering van grondseries vind te stadig plaas. Hoewel dit nie 'n oplossing in sigself is, soos meermaal beweer word nie, strem dit tog doelgerigte en betekenisvolle grondvrugbaarheidsnavorsing.
- (g) Hoewel nie 'n grondvrugbaarheidsprobleem nie staan dit tog nou daaraan gekoppel — te min aandag en navorsing word aan die ontwikkeling van akkurate en effektiewe planters en kunsmistoe-diensers geskenk. Dit laat mens dan ook onmiddellik dink aan grondbewerkingstegnieke — moet mens 'n skaar- of skottelploeg of 'n 'ripper' gebruik?

So kan ek aangaan maar, Mnr die Voorsitter, die paar punte wat ek alreeds aangehaal het sal seker baie bespreking uitlok en ek wil dus daarby volstaan.